DEEL 117 | WEEK 49 | 5 DESEMBER 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Suremarx sien skerp styging in weer-eise

Die afgelope paar weke se uitsonderlike weerstoestande het tot skerp stygings in weer-verwante versekeringseise gelei, met Suremarx – 'n vooraanstaande landbou- en huishoudelike korttermynversekering makelaar – wat 'n ongekende toename in skadeverslae moes verwerk. Van 'n plaas-tornado naby Heilbron, tot rekordhoë reënval, oorstromings, swaar haelstorms en weerligvoorvalle, is inwoners van die streek en omliggende provinsies swaar getref. Die impak hiervan is duidelik sigbaar in die vloed van eise wat die maatskappy die afgelope 2–3 weke ontvang het.

Volgens Suremarx is die grootste deel van die plaaslike eise die afgelope weke direk gekoppel aan weer, hoofsaaklik van landbou-gewasse. In Gauteng alleen is daar binne 3 dae sowat 70 eise vir dak en waterskade ontvang, meestal as gevolg van 'n kombinasie van reën, wind en hael. Boere in die distrik het ook aansienlike gewasskade gely, veral onder sojabone.

Benewens die haelstorm-eise ervaar Suremarx ook 'n groot toename in kragstuwings-eise, veral nadat munisipale elektrisiteit herhaaldelik onderbreek en weer aangeskakel is tydens die storms. Hierdie terugflitse veroorsaak dikwels onherstelbare skade aan elektriese toestelle soos TV's, yskaste ens. Suremarx bevestig wel dat kragstuwings nie dieselfde is as weerligskade nie—dit word as twee afsonderlike insidente beskou. Met die onvoorspelbare weerstoestande, versoek Suremarx kliënte om hul polisse deeglik na te gaan. Hulle beklemtoon veral die volgende:

- Oesversekering:
  - Haelversekering op oeste dek skade teen hael, brand, ryp en transito. Let wel dat daar 'n standaard 7-dae wag periode is voor dekking in werking tree.
  - Inkomstewaarborg-versekering op gewasse word al hoe meer aanbeveel, om risiko te verminder, omrede oormaatreen, droogte, hittegolwe en vele ander gevare ingesluit word.
- Weerligskade is ingesluit by omvattende huishoudelik-versekering.
- Kragstuwing word apart geag en vereis spesifieke bepalinge in die polis.
  - Met kragstuwingskade kan daar 'n vereiste wees dat stroomafleiders by die DB-bord geïnstalleer is.
- Geboue en Inhoud:
  - Maak seker dat die items vir vervangingswaarde verseker is, om onderversekering te vermy op eise stadium.
  - Verifieer dat solar stelsels ingesluit is, aangesien nie alle versekeraars dit outomaties dek onder Gebou-versekering nie;

Suremarx sê dat hulle eise konsultante onder hoë druk werk om alle eise so vinnig en billik moontlik af te handel voor die feesseisoen begin en is beskikbaar vir enige polis wysigings en bystand.










# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Jeugsorgsentrum verjaar – 'n Viering van Menswees, Groei en Waardering*

Ringerstraat Jeugsorgsentrum vier graag die verjaarsdae van twee van sy toegewyde personeellede wat onlangs verjaar het. 'n Verjaarsdag mag op die oog af 'n eenvoudige gebeurtenis wees, maar dit dra 'n diep betekenis – dit is 'n viering van lewe, groei en die unieke pad wat elke mens stap.

In die konteks van jeugsorg herinner verjaarsdae ons aan die menslikheid agter die werk wat ons doen. As maatskaplike werker sien ek sulke mylpale as waardevolle oomblikke wat ons laat besef dat elke personeellid nie net 'n funksie of rol vervul nie, maar 'n individu is met 'n eie lewensverhaal, uitdagings, vreugdes en prestasies. Hierdie menslikheid is juis wat die verskil maak in die kwaliteit van sorg wat ons aan kinders bied.

Verjaarsdae laat ons ook dink aan groei. Net soos elke kind by die sentrum jaar na jaar ontwikkel, groei personeel ook – professioneel, emosioneel en geestelik. Hierdie voortdurende groei dra by tot sterker spanwerk, groter insig en 'n dieper begrip van die behoeftes van die kinders in ons sorg.

Verder bring verjaarsdae 'n gevoel van waardering. Dit herinner ons daaraan dat elke personeellid se bydrae waardevol is en dat hul teenwoordigheid 'n wesenlike invloed het op die lewens van die jongmense wat ons dien. Menslike mylpale, hoe klein ook al, bou aan die groter prentjie van ondersteuning, stabiliteit en omgee.

Ringerstraat Jeugsorgsentrum spreek sy opregte dank uit teenoor al sy personeel vir hul professionaliteit en toegewyde diens. Ons wens die twee personeellede 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe en waardeer die positiewe impak wat hulle steeds maak in die kinders se lewens.



*Elmarie Els-Hammann (Bestuurder)*



*Mathato Tieba (Kinderversorger)*




# Gift of the Givers help amid floods


As part of their efforts to supply aid to disaster sites across South Africa, the Gift of the Givers team visited Heilbron on 2 December 2025, responding to the recent floods that affected families and vulnerable households in the Sandersville and Phiritona communities, residing in low-lying and flood-prone areas, where their efforts in distributing food parcels and essential relief items were joined by the Office of the Executive Mayor, Cllr Victoria de Beer, and the MMC for Community Safety, Cllr Noma Moloi.

As it stands, the Gift of the Givers organization is on the ground in disaster sites across South Africa, responding to the wave of fires and floods that are wreaking havoc in communities and leaving households in dire need for basic necessities.

Relief operations are ongoing as assessment progresses, and measures to ensure that every impacted household receives assistance, is being facilitated. The Office of the Executive Mayor of Ngwathe extends their sincere gratitude to Gift of the Givers and all partners.

A warning by the South African Weather Service has been issued, informing that residents in low-lying and flood-prone areas are urged to take precautionary measures and remain vigilant, reporting any emergencies when needed.

# UIT DIE PEN: Week 49





So is die jaar amper op sy rug. Ons het nou al vir 48 weke en 2 dae, vanaf 1 Januarie 2025, geswoeg en gesweet en gewens die jaar wil vinniger verdwyn. Ons het ook gewens vir meer tyd sodat ons meer gedoen kan kry. Ons het allerhande maniere probeer om die lewe makliker te maak, maar ons het ook daarin geslaag om die lewe vir onsself meer gekompliseerd te maak.

Dit maak nie saak watter kant toe jy beweeg nie, ons moes kompenseer vir al die veranderlikes wat ons hierdie jaar teëgekom het.

En was daar nie veranderlikes nie! Om elke hoek en draai.

Wat ek hierdie jaar agtergekom het, is dat ek nie ordentlik lees nie. Ja, jy is reg. Ten spyte van my Afrikaanse Huistaal en dat ek dit geniet om 'n interessante storieboek te lees, lees ek nie e-posse volledig nie. Ek lees ook nie WhatsApp boodskappe volledig nie. Ek lees die eerste paar sinne van 'n e-pos, en dan dink ek dat ek maar kan reageer, net om later agter te kom dat dit nie die strekking van die e-pos was nie. Dan moet ek die gestuurde e-pos kanselleer, en 'n nuwe e-pos stuur of veranderinge aan die e-pos maak.

Met WhatsApp boodskappe verbeel ek my dat ek die hele boodskap gelees het, en reageer dan. Net om agter te kom dat ek glad nie verstaan het nie. Dan soek ek eers gou die edit funksie en vee die eier van my gesig af.

Ek vertel altyd die volgende storie op 25 November. Jaarliks.

Eendag, lank, lank gelede, het my oom by die Sentrale gewerk. Nee, in daardie dae was dit nog nie Pos- en Telekommunikasie nie, dit was die Sentrale. Die "hoofkantoor" was in Kroonstad, en ons het in die Bothavilledistrik gewoon.

Daardie jare het ons nog 'n handsentrale gehad. Onthou julle? Jy tel die telefoon (gewoonlik 'n swart telefoon) op, draai die slinger net een keer, en dan antwoord die dame of man by die Sentrale met: "Nommer asseblief?" En as jy gelukkig was, het hulle dit ook in Engels gedoen. "Nommer asseblief, *number pleeeease*?"

Elke telefoonlyn het ook sy eie luitoon gehad. Amper soos wat jy deesdae jou selfoon te luitoon kan verander. Die verskil was dat hierdie luitone glad nie opsies gehad het nie. Dit was 'n mengelmoes van kort- en lang luie. Ons plaasnommer was 5831, en die laaste twee nommers het aangedui of dit 'n kort- of 'n lang lui was. Ons nommer was dus drie kortes en 'n lange.

Op 'n mooi dag moes my oom, wat toe by die hoofkantoor in Kroonstad gewerk het, Bothaville se plaaslyne kom regmaak. Wanneer hy dink dat die lyn reg is, het hy gewoonlik iemand wat op die plaaslyn was, gebel om dit te toets.

So het dit ook op 25 November in 'n sekere jaar gebeur. Toe hy aanneem dat die plaaslyn reg is, het hy dit getoets en vir Piet Brink gebel. Piet Brink was 'n redelike groot boer in die omtes.

Toe Piet Brink se foon lui, antwoord Piet dit. Die volgende is die gesprek wat toe afloop:

My oom: "Hallo Piet. Dis Bez."

Piet: "Hallo Bez."

Bez: "Ek toets of die lyne reg is. Vandag oor 'n maand is dit Kersfees."

Piet was lank stil, totdat die woorde uit sy mond borrel.

Piet: "Dit kan nie wees nie. Ek kan dit glad nie verstaan nie. Julle hou aan om al hierdie goeters te verander, maar julle vertel niemand nie. Julle vra ook nie insette van ander mense nie. Nee, julle gaan net aan en dink almal moet by julle planne hou. Ek kan nie nou alles verander nie. Vandag sit ek my voet neer. Nee, ek gaan dit nie doen nie. *Mark my words*. Dis nou klàar."

My oom was effens uit die veld geslaan. Toe hy sy asem terug het, praat hy uiteindelik terug.

Bez: "Piet, sê my. Wat het jy gehoor wat ek gevra het?"

Piet: "Jy het vir my gesê: 'Vandag moet al die mans in die kerk wees.'"

My oom het net gelag.

Sê gou die twee sinne: "Vandag oor 'n maand is dit Kersfees" en "Vandag moet al die mans in die kerk wees." Dis darem regtig naby aan mekaar.

Vir jare daarna het my oom vir Piet Brink op 25 November gebel. Wanneer Piet Brink dan die foon antwoord, het my oom gesê: "Vandag moet al die mans in die kerk wees."

Dit het later ook 'n familiegrappie geword. Ek stuur dit ook elke jaar aan al die nefies en niggies, en dan lag ons lekker daaroor.

Bogenoemde is net een voorbeeld van hoe ons hoor wat ons wil hoor. En dit geld vir e-posse en ander boodskappe ook. Ons is so ingestel op wat ons dink die vraag of die reaksie moet wees, dat ons sommer ons eie gedagtes voltooi, en baie kere is ons ver weg van die waarheid af.

Ek wens ons het uit al die foute van 2025 geleer sodat ons onsself nie so baie diep in die nonsens kry nie. Ongelukkig is ons menslike geheue effe gehawend, ons onthou nie so lekker nie.

Terwyl ons die laaste vier weke van 2025 geniet, laat ons ook lag oor ons verkeerde interpretasies, maar ook daarop bedag wees dat ons nie altyd reg is nie, al wil ons graag wees.

Dalk moet ons ook begin stadiger leef sodat ons meer tyd het om beter te verstaan, en om alles te lees voordat ons reageer.

Soos my een kollega altyd sê: "Reading is achieving."

Ek kan nie eers afsluit om te sê dat dit vandag oor 'n maand Kersfees is nie. Dis veel, veel nader.

Geniet die afdraendemaand.

# Vloedwaarskuwings uitgereik deur Departement Water en Sanitasie





Op 30 November 2025 rig die Departement van Water en Sanitasie (DWS) 'n dringende waarskuwing aan alle inwoners en grondeienaars langs die Vaalrivier, stroomaf van die Vaaldam. Vanweë aanhoudende en buitengewone hoë reënval en invloei in die Vaaldam, het die DWS 'n nood vrystelling van water geaktiveer. Verskeie sluise (met tye tot en met 10 in uiterste gevalle) is by die Vaaldam geopen om die oorvol dam te bestuur en strukturele skade te voorkom. Die gevolg daarvan is 'n drastiese verhoging in die watervlak van die Vaalrivier, stroomaf van die dam. Met toenemende uitlatings van die Bloemhof Dam, mag laagliggende gebiede stroomaf, oorstromings van rivieroewers en vloedvlaktes ervaar.

Boere en inwoners met waterpompe, beweegbare swaar toerusting of infrastrukture geleë naby aan die rivier oewers, word aangeraai om hul eiendom, lewendehawe en waardevolle bates na hoërliggende gebiede te verskuif. Alle laagliggende brûe, voetpaadjies, en rivierkruisings moet vermy word. Moenie probeer deur vloedwater ry of loop nie.

Vir verdere inligting en opdaterings, besoek die Departement van Water en Sanitasie webtuiste dws.gov.za of

*Foto bo: Vaal dam - twee van die tien sluise moes met tye gesluit word om uitvloei na laerliggende gedeeltes stroomaf van die dam te beheer.*

*Foto regs bo: Uniefees dam, Heilbron. Water vlakke loop oor damwal van die spruit en het gelei tot oorstromings van huise gelee langs die spruit en verder stroomaf.*

www.gov.za/news/media-statements/water-and-sanitation-two-sluice-gates-closed-vaal-dam-and-increased
Media navrae: DWS Woordvoerder, Me. Wisane Mavasa
Cell: 060 561 8925 | Email: mavasaw@dws.gov.za


VAKATURE
OK MINIMARK HEILBRON

**'n Senior administratiewe / bestuurs pos is beskikbaar.**

**Aansoekers moet:**
1. Goed rekenaar geletterd wees
2. Kennis hê van kantoor en personeel administrasie
3. Goeie kliëntediens kan lewer
4. Bereid wees om in kleinhandel (retail) te werk

Die nodige opleiding sal verskaf word.

'n Goeie salaris en aangename werksomstandighede wag op die suksesvolle kandidaat.

Slegs skriftelike CV's sal ontvang word en kan by die kiosk ingehandig word of gestuur word na: admin7@okbultfontein.co.za

**Aansoeke sluit 12 Desember 2025.**


# Pitstop vir Jesus se jaarafsluiting



Dit was 'n pragtige sonskyn dag te midde van al die reën en oorstomings. Die optog genaamd, Intog na Bethlehem, het met sierwaens en 'n groep geesdriftige stappers vanaf die NG Suid Gemeente se kerk saal, deur die besige Heilbron midde dorp gestap, na die Huis Bron-Van-Heil aftree oord, waar hulle aan almal langs die pad pakkies lekkergoed en 'n godsdienstige boodskap uitgedeel het. Voor die stappers en Pitstop vir Jesus span geskenk pakkies uitdeel aan al die inwoners en personneel van die Ouetehuis, was die pretstap afgesluit met gebed van elke kerkbediening wat die staptog bygewoon het: van die Ethiopiese- en Church Without Walls bediening in Sandersville, tot kerkbedienings uit Phiritona en Heilbron dorp – werklik 'n aanskouing van eenheid voor God soos almal die laaste maand van die jaar binne tree te midde van gruwe weersomstandighede en onsekerheid op die paaie.

Danie Botha het die dag afgesluit met 'n mooi boodskap deur sy sang gelewer.

Pitstop vir Jesus wil graag baie dankie sê aan almal wat op 'n manier betrokke was. Dankie vir die gemeenskap se bydrae met al die pakkies en borge. Hulle wil ook stel dat hulle dankbaar is vir almal wat die dag saamgestap het.

Dankie aan elke donateur wat dit moontlik gemaak het. Groot dank aan Keith en Alet Petzer en Tanya Botha wat alles gereel het. Lede bid die Here se seën oor hul goeie werk. Sterkte aan Keith wat uit 'n ernstige siekbed opgestaan het om nogsteeds Saterdag die leisels vas te hou. Lede sien uit na volgende jaar se Pitstop byeenkomste. Daar is reeds groot planne vir volgende jaar. Geseënde Kersfees aan elkeen!










# Uitstekende bywoning by Vleissentraal se Perdeveiling in Heilbron




Die Vleissentraal Perdeveiling wat Saterdag op die Heilbron Veilingskrale plaasgevind het, was 'n groot sukses en is uitstekend ondersteun deur sowat 250 voornemende kopers, belangstellendes en perdeliefhebbers.

'n Imposante 200 perde is aangebied, en die kwaliteit van die diere het sterk belangstelling gelok. Die hoogste pryse van die dag was uitmuntend:

- Hoogste prys vir 'n perd: R26 000
- Tweede hoogste prys: R24 000

Die span van Vleissentraal het die dag professioneel en vlot aangebied, met kopers en verkopers wat die goeie organisasie en kwaliteit van die veiling geloof.

Vleissentraal het bevestig dat hierdie perdeveiling 'n jaarlikse instelling sal bly, tot voordeel van telers, boere en perde-entoesiaste in die streek.




## VEGKOP GELOFTEFEES

VEGKOP SLAGVELDTERREIN

Dinsdag, 16 Desember 2025 om 08:45

**Voorlees van Gelofte**

**BLOEDRIVIER GELOFTE - 16 DESEMBER 1838**

*"Hier staan ons voor die Heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee."*

**Orrelis:** Isabel Kruger | **Saksofoon:** Andries Mostert

**Skrifoordenking:** Dr. Victor E. d'Assonville
(RTS Heidelberg, Duitsland/Geref. Kerk Postmasburg)

**Skriflesing:** Psalm 46 (1953-Bybelvertaling)
**Teks:** Psalm 46: 2a, 12
Psalm 46:2a God is vir ons 'n toevlug en sterkte:...
Psalm 46:12 Die Here van die leërskare is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons.
**Tema:** Christus - ons enigste toevlug

**Kranslegging & Huldeblyk:**
Ters & Lollie Pretorius

**Samesang:** Lied van Jong Suid-Afrika
**Teepouse:** ( +- 20 min)
Koffie & Tee gratis - Feeskomitee

**Feesrede:**
Dr. Victor E. d'Assonville
**Bedankings**
**Afsluiting:** Stem van Suid-Afrika

Fees-etes beskikbaar teen R60/ete en moet asseblief vooraf gereël en betaal word by Lizelle Lange - 082 928 0958
Geloftefeesnavrae: Hennie Naudé - 083 269 9293
Kampering beskikbaar kontak: Johann Stadler - 082 774 8813


## Jaarafsluiting vir Huppel Trippel



*2025 is afgesluit in 'n gees van vrolikheid, feestelikheid en geniet van mekaar se geselskap. Ná die gebruiklike opening is die oggend se verrigtinge afgeskop met 'n klein glasie sjerrie en heerlike dansmusiek uit die vyftigs. Almal wat kon het gedans, ge-jive en ge-rock en roll. Die toeskouers het in 'n kring gesit en die deelnemers aangemoedig. Baas bakster Bettie Swart het weereens gesorg vir die heerlikste eetgoed. Op 17 Desember is dit die finale program vir die jaar. H T se Kerssangdiens in die kleine sal dan plaasvind. Pastoor Derick de Lange sal 'n kort Kersboodskap bring waarná almal wat wil saamsing die Here kan kom loof met sang.*

## BRIEWE VAN ONS LESERS

*Die volgende skrywe is ontvang van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.*

Aan almal betrokke by Pitstop vir Jesus, die AGS Gemeente & Heilbron Suid se besoek aan Huis Bron-van-Heil, Saterdag 29 November.

Met opregte dankbaarheid wil ons by Huis Bron-van-Heil vir u almal bedank vir die wonderlike Kerspakkies wat u hierdie jaar vir ons inwoners gebring het. Dit was 'n enorme bederf en het soveel vreugde, warmte en menswaardigheid in ons huis gebring.

U betrokkenheid, omgee en bereidwilligheid om ander te dien, raak ons diep. Om te sien hoe ons inwoners se oë ophelder met 'n eenvoudige gebaar van liefde, herinner ons daaraan dat ons gemeenskap steeds die hart van alles is wat mooi en betekenisvol is.

Dankie dat u tyd, energie en hulpbronne opgeoffer het om ons mense spesiaal te laat voel. U is 'n seën vir ons tehuis.

Mag hierdie feestyd vir u ook gevul wees met vrede, oorvloedige liefde en God se teenwoordigheid.

Met waardering en warm groete,
**Van almal by Huis Bron-van-Heil Inwoners en personeel**

# HERALD



## Kerspartytjie

HEILBRON

6 Desember | Gholf & Halfway - R250
Kersvader kom kuier vir die kinders



WHISKY BRANDY & GIN SPECIAL

As jou kind/ers kom, laat weet asseblief wat elkeen se naam, ouderdom en geslag is (tot en met 13 jaar oud)
Braaipakkies teen R100 vir die aand
Klub voorsien bykosse

Willem - 076 991 5208 | Marlize - 072 180 4113

## KONTRAKTEUR SPUITWERK

Betroubare en professionele spuitwerk vir jou plaas.

diesel uitgesluit

R185 / ha 150 l water / ha
R195 / ha 200 l water / ha



KONTAK KOOS – 082 388 2277

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald. Kontak gerus vir Antonio by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za



## Cobus van Wyk

Oogkundiges | Optometrists

067 333 2551
058 853 1156

Shop 4, Wentworth Square, Heilbron
E-Mail/E-Pos: cobusvwoog.heilbron@gmail.com



**BESIGHEIDSURE**
**MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30**
**SATERDAE: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, HEILBRON**
**Tel: 058 853 0006**




## VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

**HUGO GROENEWALD - HEILBRON**
**082 569 7205**
**ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES**
**067 069 8383**
**MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK**
**064 808 8034**

**SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING**

## POSTNET FESTIVE SEASON TRADING HOURS

| | |
|---|---|
| Tuesday 16th Dec | Closed Public Holiday |
| Wed 17th to Sat 20th Dec | Normal Trading Hours |
| Monday 22nd Dec | Normal Trading Hours |
| Tuesday 23rd Dec | Normal Trading Hours |
| Wednesday 24th Dec | Close at 13h00 |
| Thursday 25th Dec | Closed Public Holiday |
| Friday 26th Dec | Closed Public Holiday |
| Saturday 27th Dec | Closed |
| Monday 29th Dec | Normal Trading Hours |
| Tuesday 30th Dec | Normal Trading Hours |
| Wednesday 31st Dec | Close at 13h00 |
| Thursday 1st Jan | Colsed Public Holiday |
| Friday 2nd Jan | Normal Trading Hours |

## BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

*Donderdae - Royal Auction Centre*



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491

*Waar sake elke keer, die eerste keer, reg gedoen word!*

## BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 8 DESEMBER 2025**

MONT PELAAN Halfjaarlikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

GILEAD Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

**DINSDAG - 9 DESEMBER 2025**

DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

ANYSSPRUIT Halfjaarlikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

ROSENDAL Jaarlikse Vetvee veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**WOENSDAG - 10 DESEMBER 2025**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**DONDERDAG - 11 DESEMBER 2025**

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 12 DESEMBER 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**MAANDAG - 15 DESEMBER 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**WOENSDAG - 17 DESEMBER 2025**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Kersveiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

**DONDERDAG - 18 DESEMBER 2025**

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**VRYDAG - 19 DESEMBER 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Kersveiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

PIETERSBURG Maandelilkse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za